

Vrydag 4 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:12-17

Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:12-17

Leef midde-in hierdie stukkende lewe!

1 Johannes 2:12-14 lees soos 'n pragtige gedig waarin volwassenes, jongmense en kinders 'n geloofspad loop. (Lees hierdie paar verse sommer weer hardop saam.) Dit is ewe toepaslik vir ons vandag in 2018. In hierdie lewe is daar mense wat reeds volwasse in die geloof is en al lank in die regte verhouding met Christus lewe. Ander weer is soos jong-mense wat nog groei na geloofsvolwassenheid en regtig hart moet stry teen die duiwel en sy verleiding. Nog ander is soos kinders wat maar pas die pad van Christenskap begin loop het. Hulle het nog baie om te leer en het ondersteuning nodig om midde-in hierdie lewe hulle Christenskap uit te leef.

Die duiwel maak geen geheim daarvan nie dat hy God en elkeen wat in Hom glo, met 'n passie haat (Joh. 17:14). Dink maar net aan al die hofsake waardeur vandag gepoog word om Christenskap in ons skole en samelewing te verbied! Dink aan al die vervolging van Christene regoor die hele wêreld. Daar word bereken dat tot 90 000 Christene in 2016 vermoor is omdat hulle die Naam van ons Here bely het – dis meer as die somtotaal van al die lidmate in die GKSA!

Tog hoor ons Jesus self bid: *“Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die bose sal bewaar”* (Joh. 17:15). Ons elkeen is dus geroep om, ge-bind aan die “Groot Opdrag”, uit te gaan en midde-in hierdie stukkende lewe die waarheid van die evangelie van hoop in liefde uit te leef. Dit is waarom ons Here ons waarsku om nie die sondige wêreld om die dinge van die wêreld lief te hê nie (:15). Dit is 'n voorreg om die naam “Christen” te mag dra ... laat dit ook in jou lewe sigbaar word.

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3

Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)